



Hoërskool

LADYSMITH

High School

Posbus 33 / PO Box 33
LADYSMITH
KwaZulu-Natal
3370

Telefoon : (036)
637-7091/2
Telephone : (036)
637-2221/2

Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : info@lhs.co.za
Website : lhs.co.za

11 Februarie 2021

Geagte Ouer(s)/Voog(de)

2021 EERSTE KWARTAALPROGRAM TYDENS COVID-19 PANDEMIE

In ons voorbereiding vir die 2021- skooljaar bly ons bewus van die gevolge en eise wat Covid-19 op ons leefwyse, familie en skoollewe het. Wêreldwyd en ook in Suid-Afrika ervaar ons 'n verwoestende gesondheidskrisis wat deur die verspreiding van die hoogs aansteeklike en dodelike patogeen veroorsaak word.

LHS – opvoeders, onderwysers en skoonmakers het in 2020 onverpoosd gewerk om die verspreiding van die virus te bekamp. Die skool sal voortgaan om al die protokolriglyne wat deur die Departement van Basiese Onderwys en die Departement van Gesondheid vasgelê is na te kom. LHS sal ook bykomende voorsorgmaatreëls navolg om die skoolfamilie veilig te hou.

LHS sal voortgaan om hoogsgekwalfiseerde mediese spesialiste te raadpleeg om die skool se Covid-19 protokol en prosedures te assesser en te verfyn.

Dit is beslis in u kind se beste belang om vertrouwd te wees met al die protokol aangesien ons slegs veilig is as almal veilig optree. Al 180 voltydse Graad 12 – leerders van 2020 het hulle finale NSS eksamen geskryf en wag in spanning vir hul uitslae.

Wees verseker dat ons beheerliggaam verstaan dat u kind u kosbaarste besitting is. Die beheerliggaam het addisionele veiligheidstoerusting, bo en behalwe dit wat deur die KZN Departement van Onderwys verskaf is, aan LHS voorsien. Die handhawing van sosiale afstand en die gereelde sanitering van hande is reeds 'n lewensstyl by die skool. Gesigmaskers wat die neus en mond bedek word deur almal wat die skoolgebou betree, gedra. 'n Vraelys word ook deur almal wat die skoolgebou binnekom ingevul wat aandui of 'n persoon enige onderliggende Covid-19 simptome het. Elke persoon se liggaamstemperatuur word met 'n digitale termometer gemeet en slegs persone wat aan die protokolvereistes voldoen sal toegelaat word om die skooldag by te woon. Leerders wat enige simptome toon sal geïsoleer word totdat die ouer of voog hulle kom haal.

Geen opvoeder of leerder mag die skool bywoon as hy of sy simptome van Covid -19 toon nie. Slegs Graad 12- leerders sal die skool daaglik bywoon. Graad 8 en 10 sal om die beurt wissel met Graad 9 en 11 soos dit op die aangehegte skoolprogram aangedui word. Om verlore tyd in te haal, moet

leerders op hulle eerste dag voorbereid skool toe kom sodat daar onmiddellik met die akademiese program begin kan word.

Goeie higiëne moet deurentyd gehandhaaf word, Graad 12- leerders mag hulle skooluniform afwissel deur privaatdrag op Dinsdag en Donderdag te dra en skooldrag op Maandag, Woensdag en Vrydag. Die res van die leerders moet skooldrag op elke dag wanneer hulle skool toe kom dra, aangesien hulle klas op alternatiewe dae bywoon.

Graad 12- leerders sal die skool deur die voetgangershek by die tennisbane binnekom. Die res van die leerders sal die skool by die groot skuifhek langs die dogterskoshuis tussen die koshuis en die tennisbane binnekom.

Leerders moet 7uur soggens by die skool wees, motorfietsryers gebruik dieselfde skuifhek tussen die tennisbane en dogterskoshuis en moet hulle motorfietse op die oprit langs die hek parkeer.

Leerders staan in `n ry op die paadjie tussen die tennisbane, handhaaf sosiale afstand terwyl hulle wag om gesaniteer te word. Tydens pouse is dit net so belangrik om sosiale afstand te handhaaf. Aan die einde van die skooldag om 14:30, sal leerders die skool deur dieselfde hekke waar hulle ingekom het, verlaat.

Toegang tot die skool deur ouers, besoekers, amptenare en diensverskaffers sal deur die hoofhek plaasvind en streng beheer en gedokumenteer word.

As gevolg van die risiko wat buitemuurse aktiwiteite inhou, asook die ekstra las wat dit op leerders plaas en personeel wat reeds onder geweldige druk is om die akademiese program in `n verkorte tyd te voltooi, is daar geen sin in enige buitemuurse program nie. Die besluit is egter nie ligtelik geneem nie en mag dalk herroep word indien die Covid-19 gevaar verminder.

Die Beheerliggaam is simpatiek teenoor families wat onder finansiële druk verkeer. Om aansoek te doen vir volle of gedeeltelike subsidie kan ouers vorms by die skoolkantoor kom afhaal. Hou asseblief in gedagte dat die betaal van skoolfonds wetlik verpligtend is.(Afdeling 39-41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996). Ouers word versoek om die betaling van skoolfonds en handboekgeld elektronies te doen (EFT) om besoekers by de skool te beperk

Inbetalingbesonderhede:

Bank: Nedbank

Rekening no: 1330047347


Takkode: 33025

Skoolfondsverwysing: Kind se NAAM en VAN

Handboekbetalingverwysing: BOEKE, Kind se NAAM en VAN

As almal hulle uiterste bes doen om hulleself en mekaar te beskerm, sal ons daarin slaag om veilig te wees en die virus se verspreiding te keer.

Vriendelike groete



HJ CLARK

SKOOLHOOF